NG KERK FOKUS BERG-EN-DAL

**Sondag, 29 September 2024**
**Biddag vir Bejaardes**

## My enigste troos...my anker...

*Die doel daarvan was dat, ...ons wat vrygekom het, 'n kragtige bemoediging sou hê om stewig vas te hou aan die hoop wat voorlê. Ons het hierdie hoop as 'n veilige en stewige anker van die siel... (Heb. 6:18-19)*
*Die Engel van die Here het daarna 'n tweede keer uit die hemel na Abraham geroep en gesê: "By Myself sweer Ek," is die uitspraak van die Here, "omdat jy dit gedoen het en nie jou seun, jou enigste, van My teruggehou het nie, sal Ek jou ryklik seën...*
*(Gen. 22:15-17)*
*Vraag : Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?*
*Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort...*
*(HK: Vraag en antwoord 1)*

Wees versigtig dat julle nie wegdryf nie (Heb.2:1) en moenie julle anker lig nie (Heb. 6:19). Hebreërs word geskryf om gelowiges aan te moedig om nie om te draai nie. Hierdie Hebreeuse gelowiges, het tot geloof in Jesus Christus gekom en daarmee saam geglo dat Jesus die Messias is wat so lank reeds belowe was. Hulle geloof het hulle egter nou op 'n baie moeilike plek gebring. Van die oomblik dat hulle deel van die kerk geword het, word hulle kinders in skole geviktimiseer, hulle besittings word deur een en elkeen gekonfiskeer, hulle lewens word daagliks bedreig, hulle word verag. Om 'n Christen in Rome te wees was geweldig moeilik. Hulle kon natuurlik teruggaan na die Joodse geloof, maar dan moes hulle, hul geloof in Jesus as Messias in die openbaar ontken.

Teen hierdie agtergrond skryf die Hebreërskrywer aan Christene. Die boek word een van die kragtigste boeke oor ons Christelike hoop. 'n Hoop wat geanker is in die sekerheid van geloof (Heb. 11:1) en ons geloof weer in die sekerheid van Christus se kruisiging. Die verbond met Abraham en dan meer spesifiek, die gebeure op Moria-berg, daardie dag toe Abraham sy enigste seun moes gaan offer, het die fondasie gebied vir 'n belofte van God wat die moeite werd was om voor geanker te bly in die geloof. Natuurlik kom die storms, die storms kom altyd, en daarmee saam die vrees om tot niet te gaan, asook die twyfel of dit nog sin maak om te bly staan in die geloof. Christene het die kragtigste hoop en die sekerste toekoms in die ganse skepping. Wat is ons anker werklik? En hoe help ons anker ons, sodat ons geloof nie op die rotse loop nie? Wat troos gelowiges in tye van geweldig onsekerheid en bittere lyding? Waarom draai Christene nie om nie?
**ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons Erediens vanoggend gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr Johan Cromhout. Welkom aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet.

## LITURGIE

| | |
|---|---|
| **Toewyding:** | Lied 505:1,2&4 Jesus, U gaan voor |
| **Votum:** | Heb. 4:16 *"Laat ons dan met vrymoedigheid..."* |
| **Seëngroet:** | |
| **Loflied:** | Lied 215:1,2,3&5 Besing die lof van Jesus saam |
| **Herinnering aan ons skuld:** | Ef. 2:1-3 *"Julle was dood deur die oortredings..."* |
| **Skuldbelydenis:** | Lied 384:1 Jesus, o dink aan my |
| **Vryspraak:** | Ef. 2:4-9 *"Maar God, ryk in barmhartigheid..."* |
| **Wet:** | Ef. 2:10 & Rom. 13:8-10 |
| **Danklied:** | Lied 514:1&2 Ek weet vir seker |
| **Gebed:** | |
| **Skriflesing:** | Hebreërs 6:13-20 |
| **Woordverkondiging:** | Tema: My enigste troos...my anker... |
| **Lied:** | Lied 292:1&2 My enigste troos |
| **Gebed:** | |
| **Liefdegawes** | |
| **Slotlied:** | Lied 489:1&2 Waak, Christen, staan in die geloof |
| **Seën:** | |

**Ander Eredienste:**

Sondag, 06 Okt 09:30 – Ds. Jan Lubbe

**Ons Kategese vir die 3e kwartaal hervat op 6 Oktober 2024.**

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 29 Sept | Edward Key, Putu Pretorius, Alfreda Shutte, Millah Smith en Zan-Mari van Rooyen. |
| 30 Sept | Marieta Barnard, Henru de Wet, Daleen Francis, Jan Schepers, Martha van Jaarsveld en Shaun van Zyl. |
| 01 Okt | Ezelle Samuel, Diaan van der Walt en Marguarite von Wielligh. |
| 03 Okt | Lesahn Bosch, Luan Koekemoer, Karen Scheepers, Pieter van den Berg en Johan van Rooyen. |
| 04 Okt | Johann Swiegers en Cobus van Rensburg. |
| 05 Okt | Germarie Adendorff, Elsa Joubert, Ilzé Maree, Riana Schutte, Annatjie Wolmarans. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Sheila Prinsloo (Serenitas 160; wyk 15b); Henette Marais (Santé Aftreeoord 127, wyk 18b); Tannie Grace de Goede (Serenitas 12, wyk 15a); Tannie Anna v/d Westhuizen (Serenitas 133, wyk 15b); Yvonne du Toit (Flemmingpark D5, wyk 14); Jorrie Jordaan (Rietpunt 6, wyk 19a); Tannie Barbara Henzen (Serenitas 12, wyk 15a); Oom Hendrik Smith (Striata 35, wyk 13a); Tannie Erna Gouws (Serenicare, wyk 15a) en Tannie Corrie Bezuidenhout (Siësta, Wyk 10).

Ons leef graag mee met die volgende families wat in hierdie tyd hartseer is: Pieter, Ruane le Roux en kinders (Waverleyweg 178) met die afsterwe van haar moeder Veronica van Niekerk (Striata 95); Leslie en Alida Attwell (Japie Ludickstr. 20) met die afsterwe van hulle skoonsuster; dan ook aan die familie en vriende van wyle tannie Corrie Barnard (Siësta 4A). Ons bid hul troos toe...

Donderdag, 3 Oktober 2024, vind die buitengewone Sindodesitting van die NG Kerk in die Vrystaat plaas. Ons dink aan die al die afgevaardigdes van die gemeente wat dit gaan bywoon. Ons bid hulle en die hele vergadering die teenwoordigheid van God deur sy Woord en Gees toe, en wysheid in alle oorwegings en besluite wat geneem moet word. Ons bid vir Ds. Jan Lubbe wat as voorsitter van die vergadering optree.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – slegs aanlyn hierdie week. *"'n Dankbare lewe"* (uit die Heidelbergse Kategismus; oor die 9e woord vir 'n gelukkige lewe – Respek vir waarheid). Kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil inskakel.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in Konsistorie: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...

Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

In September sorg **Wyke 17** (Noorderbloem en Omliggende Buurt) en **13** (Vere Weste) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Indien jy wil help, skakel die Kerkkantoor (073 180 3193). Baie dankie aan wyke 15 en 16 vir die sorg in September.

## ANDER

**BEDIENINGE:**
Die bedieninge hervat volgende week hul werksaamhede om die jaar af te sluit asook beplanning vir 2025 te doen – ons het jou insette daarby nodig, met raad en daad!

| | |
|---|---|
| **Gemeentebediening:** | Maandag, 7/10 om 17:30 |
| **Jeugbediening:** | Maandag, 8/10 om 17:30 |
| **Erediensbediening:** | Maandag, 8/10 om 19:00 |
| **Getuienis- en Barmhartigheid:** | Donderdag, 10/10 om 17:30 |

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 29 September: **ENGO Maatskaplike dienste.**
U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005)**

SnapScan

*Wie is 'n God soos U? U vergewe sonde...*
*U bly nie vir altyd kwaad nie. U betoon liefde.*
*U sal ons weer genade betoon.*
*U sal ons sonde tot niet maak.*
*U sal ons sondes in die diepsee gooi.*
*U sal getrou wees...soos U...beloof het.*
*Amen*

(Miga 7:18-20 aangepas)